higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T970**(E)**(A13)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

VERLIESBEHEER N6

(11041196)

13 Augustus 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

Copyright reserved

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
VERLIESBEHEER N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Sommige dele van 'n masjien of struktuur word as kritiek beskou.

Gebruik 'n motorvoertuig as voorbeeld en stel 'n inspeksie-inventaris van kritieke dele op. **[10]**

VRAAG 2

Noem DRIE veiligheidsvoorsorgmaatreëls wat jy in die volgende voorbeelde buite taakverband ('off the job') sal tref:

2.1 Motorvoertuig

2.2 Elektrisiteit in die huis

2.3 Huis

(3 × 3) **[9]**

VRAAG 3

Afvalbeheer moet in 'n veiligheidsbestuurstelsel geïntegreer word.

Noem AGT kritieke aktiwiteite wat jy in hierdie stelsel sal wil sien. **[8]**

VRAAG 4

Noem 10 faktore wat jy in die keuse van persoonlike beskermende toerusting (PBT) sal insluit. **[10]**

VRAAG 5

Noem 10 voordele van goeie huishouding. **[10]**

VRAAG 6

Noem 10 areas wat jy in 'n inspeksie van fisiese toestande sal kontroleer en noem EEN spesifieke item wat jy in elke area sal kontroleer. (10 × 2) **[20]**

VRAAG 7

Tydverliese word dikwels geïgnoreer wanneer die verlies weens insidente bereken word.

Noem DRIE mense wat by hierdie tydsverlies betrokke is en gee SEWE voorbeelde van stappe wat daardie persone kan doen ná 'n insident wat tot tydsverlies lei. **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8

Watter werknemers mag ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid No. 85 van 1993 as gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers aangestel word? **[8]**



VRAAG 9

Stel 'n produksieskedule en 'n veranderingsvorm op om jou te help om veranderings in jou departement teweeg te bring met betrekking tot die volgende, maar NIE beperk NIE tot:

- Die werker
- Toerusting
- Datum
- Risikokontroles/beheermaatreëls
- Assessering/evaluering
- Opleiding **[15]**



TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou